NG Kerk Vier Ankers se Sasolburg
# Ankerglans
Kwartaal 4 - 2020
Desember 2020
Uitgawe 24

## Kerssangdiens 13 Desember 2020




Elkeen se uitvoerende talente word so waardeer - Prys die Heer!



### Somerkersfees

Welkom o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.
Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.
Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,
Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
Ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.



George by sy skeppende blommeprag - so spesiaal vir die vierende dag. Dankie!



"Kom, kinders, kom deel in die vreugde"